



LIGBRON AKADEMIE

GEDRAGSKODE

OPSOMMING VAN GEDRAGSKODE

INLEIDING

- Hierdie gedragkode vir leerders is bedoel om die nodige ruimte te skep vir leerders om hulself uit te leef sonder dat ander persone benadeel word. Die hierondervermelde beginsels vorm die agtergrond waarteen hierdie gedragkode funksioneer.
- Opvoedingsdoelwitte en prestasie word slegs bereik in 'n atmosfeer waar dissipline heers.
- 'n Leerder ervaar sekuriteit en veiligheid in omstandighede waar dissipline en gesag heers. Alleen in hierdie omstandighede is 'n Leerder bereid om te waag, inisiatief en kreatiwiteit aan die dag te lê, en om te leer.
- Alleen wanneer orde bestaan en elke Leerder oor selfrespek beskik en respek teenoor ander openbaar, kan daar 'n gelukkige skoolgemeenskap bestaan waarin elkeen sy/haar doel verwesenlik.
- Die Bybelse grondslag vir gesag en dissipline word in die Tien Gebooue gevind. Hierdie skool erken die gesag van die Drie Enige God as Skepper en Heerser van die heelal, asook oor elke individu, asook van hierdie skool, maar respekteer die bestaan en beoefening van ander gelowe.

DOELSTELLINGS

Hierdie skool streef na kwaliteit onderwys:

- Wat gerig is op 'n gelukkige, geborge saamleefgemeenskap vir leerders, onderwysers en ouers;
- Wat toesien dat elkeen maksimaal volgens hul vermoë, belangstelling en realistiese verwagting presteer sodat elke kind uiteindelik toegeruste, toegewyde, verantwoordelike en dienende landsburgers sal wees, deur volgehoue onderrig en opvoeding gebaseer op die Christelike geloof en waarde sisteem;
- Wat in diens van God Drie Enig voldoen aan die taak en doel wat Hy vir elke individu beoog.

DIE VOLGENDE DOELWITTE WORD NAGESTREEF

- Om aan elke Leerder die geleentheid te gee om volkome in ooreenstemming met sy/haar vermoëns te funksioneer op alle Christelik opvoedkundige terreine waarop die skool hom mag begeef.
- Om elke Leerder die geleentheid te gee om hom/haar maksimaal voor te berei vir die volwasse lewe en om sodoende gereed te wees om selfstandig die korrekte keuses uit te oefen.
- Om in hierdie gemeenskap aan elke Leerder, as 'n unieke individu met sy/haar besondere eienskappe en behoeftes, voldoende sekuriteit en geborgenheid te bied om te kan groei en dien.

- Om Leerders te leer om die beginsel na te kom om vir mekaar om te gee en mekaar se belange op die hart te dra in 'n gees van samewerking en ondersteuning.
- Om 'n veilige fisieke omgewing daar te stel wat beserings sal voorkom.
- Om goeie kommunikasie te bewerk tussen die skool en ouers as opvoedingsvennote sodat die beste bedoeling met die kind kan realiseer.

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Betrokkenheid by hierdie aktiwiteite het tot gevolg dat 'n Leerder se energie konstruktief aangewend word en minder tyd vir kwaaddoen toelaat. Selfdissipline, respek en deurstellingsvermoë is van die kwaliteite wat ontwikkel word.

FUNDAMENTELE BEGINSELS ONDERLIGGEND AAN DIE GEDRAGSKODE

Die doel van die Gedragskode is om:

- Gevalle van onaanvaarbare gedrag in stryd met die Kode aan te spreek;
- Die Leerders terug te bring na 'n aanvaarbare standaard van dissipline deur die invoering van 'n proses van progressiewe en positiewe dissiplinerings;
- Te verseker dat stappe, waar toepaslik, geneem word en konsekwent toegepas word;
- Die belange van die Skool, Opvoeders en Leerders hierdeur te beskerm; en
- Te verseker dat die verrigtinge onderworpe gestel word aan die beginsels van natuurlike geregtigheid asook aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet, 1966 (Wet no. 108 van 1966), Die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1966 (Wet no. 84 van 1966), Die Wet op Nasionale Onderwys Beleid, 1966 (Wet no. 27 van 1966), en Die Wet op Skoolonderwys, 1995 (Wet no 5 van 1995).

ALGEMENE SKOOLREËLS

Stiptelikheid:

Van Leerders in die skool word verwag om stiptelik te wees wanneer die skoolklok lui. Daar moet dadelik gereageer word. Alle saalopeninge en ander samekomste moet bygewoon word. Die rye moet vanaf verdaging ordelik na die klasse beweeg.

Klaswisseling:

Die wisseling van klasse moet stil en ordelik geskied. Niemand mag tydens wisseling na die kleedkamers gaan of langs die pad water drink nie. Daar word 3 minute toegelaat vir wisseling. Leerders wat dan nie in die klaslokaal is nie, moet by die kantoor aanmeld. Hou links in rye tydens wisseling.

Pouse:

Leerders mag nie die terrein verlaat gedurende pouse sonder toestemming van een van die hoofde nie. Onthou ook dat almal moet help om die terrein skoon te hou en dat rommel in die vuilgoedblikke gegooi moet word. Geen leerder word in lokale, op die stoepe van die ou gebou, by die fietsloods of parkeerterrein toegelaat gedurende pouse nie.

Sigarette, Drank & Dwelms:

Geen Leerder mag op die skoolterrein of in die gebou of by 'n ander skoolaktiwiteit, hetsy by die skool of elders, (selfs in privaatdrag) of in skooluniform op enige ander plek in besit wees van of sigarette of drank of enige ander dwelms of afhanklikheidsvormende of ander verbode middle, of dit gebruik of daarmee handel dryf nie.

Bakleiry:

Leerders mag nie baklei (vuisslaan/stamp/aanrand/dreig) op die skoolterrein of naby skoolterrein nie.

Busse:

Dieselfde maatreëls ten opsigte van die skoolreëls geld ten aansien van gedrag in of op of tydens busvervoer en by bushaltes. Hoflikheid moet te alle tye handhaaf word. Voorwerpe mag nie rondgeslinger word nie. Daar mag nie by die vensters uitgeskree word nie en alle opdragte van toesighoudende personeel moet nagekom word.

Sportdrag:

Voorgeskrewe sportdrag vir seuns en dogters is verpligtend by skoolbyeenkomste. Skoolgaande toeskouers moet te alle tye in die voorgeskrewe skooldrag geklee wees.

Lapelwapens:

Leerders mag slegs Provinsiale of skoolverwante lapelwapens dra en slegs in die jaar waarin dit verwerf is. Geen ander wapens mag op of in die baadjie gedra word nie.

Selfone:

Geen selfone mag tydens skoolure gebruik word nie. Indien 'n onderwyser of VLR 'n selfoon sien, sal dit afgeneem word en 'n boete van R100 sal opgelê word. Geen persoon sal deursoek word vir sy/ haar selfoon nie, maar indien

so 'n selfoon gebruik of gesien word, sal dit gekonfiskeer word. Indien selfone vir klasgebruik aangewend word in opdrag van die onderwyser, sal hierdie reël vir daardie periode nie geld nie.

Fietsloods:

Fietse moet in die betrokke loods geplaas word. Gedurende pouse mag niemand by die fietse wees nie. Indien 'n Leerder daar betrap word, sal dissiplinêre stappe volg. Op die terrein mag niemand met 'n fiets ry nie. Fietse word in die middag gestoot tot by die hek en moet Leerders aan die kant van die pad bly.

Ander verbode terreine:

Leerders moet die terrein om die administratiewe deel van die gebou as privaat beskou. Die gang tussen die kantore is net bedoel vir die personeel en nie vir die Leerders se gebruik nie. Leerders word ook nie weerskante van die saal toegelaat tydens eksamentye nie.

Reëls insake die skoolterrein:

Hou alles netjies en skoon. Oral op die terrein is daar vuilgoedblikke waarin rommel geplaas moet word, ook die rommel wat in die omgewing gelaat is deur 'n ander onnadenkende. Dit geld ook vir klaskamers, kleedkamers en sportterrein. Geen gekrap op mure, skoolbanke of geboue word toegelaat nie. Skakel alle onnodige brandende ligte af.

Breek van ruite of beskadiging van eiendom:

Beskadiging van die gebou of meubels moet onmiddelik by die betrokke Departementshoofde gerapporteer word. Leerders verantwoordelik vir die breek van 'n ruit of ander skade moet die vervangingskoste of herstelkoste betaal.

Toestemming om skoolterrein te verlaat weens siekte:

Leerders sal slegs gedurende pouse toegelaat word om deur die ouers afgehaal te word. Leerders wat siek voel, moet deur hul graadvoog uitgeteken word, waarna die ouers deur die sekretaresse geskakel word. Indien 'n Leerder nie 'n toets of eksamen vraestel geskryf het weens siekte nie, word 'n mediese sertifikaat vereis. So 'n Leerder sal 'n nulpunt vir 'n eksamen of toets hê tot tyd en wyl die mediese sertifikaat ingedien is. Dit is die verantwoordelikheid van die leerder om verlore werk weens siekte of afwesigheid in te haal.

Telefoonoproep:

Indien 'n Leerder nie lekker voel nie, moet hy/sy by die ontvangskantoor aanmeld. Indien nodig sal die ouers geskakel word om die Leerder te kom haal. Indien 'n Leerder moet tuisbly as gevolg van siekte of andersins, moet ouers die skool die oggend skakel en dit aanmeld. Dit moet bevestig word met 'n brief wat die Leerder by sy/haar voogonderwyser inhandig.

Stokkiesdraai:

Geen leerder mag van die skool afwesig wees weens 'n ander rede as siekte en / of 'n ander dringende saak. Redelike bewys sal geverg word. Hierdie is 'n ernstige oortreding wat as sulks hanteer sal word.

Skoolfunksies:

Skooldrag, hetsy by sport- of kulturele geleenthede, word gedra, behalwe waar dit vooraf anders bepaal word in welke geval dan netjiese en betaamlike drag aangetrek word.

Verlore artikels:

Wanneer verlore artikels op die terrein opgetel word, word verwag dat dit ingehandig sal word by die ontvangsdame. Indien Leerder self artikels verloor het, kan dit by die ontvangstoonbank navrae gedoen word. Dit is nie die verantwoordelikheid/plig van die skool om verlore/gesteelde selfone op te spoor nie.

Gooiery – of skietery van voorwerpe:

Geen klappers mag op die skoolterrein geskiet of afgevuur word nie. Geen voorwerpe soos klippe, akkers, klonte of kryt mag rondgegooi word nie. Daar mag ook nie met rekkers of rekkies of enige vorm van 'n kettie geskiet word nie. Water- en stinkbomme mag onder geen omstandighede tussen Leerders ingegooi word nie. Geen vuurwapens/messe word op die terrein toegelaat nie.

VLR: Leerders moet te alle tye die VLR gehoorsaam en mag nie teëpraat nie.

Tasse:

Die voorgeskrewe tas is beskikbaar by Highveld Skryfbehoeftes in Kerkstraat. Tasse mag nie beplak of bekrap word met onweloweglike slagspreuke of taalgebruik nie.

Optrede:

Leerder moet 'n personeellid staande en op die korrekte manier aanspreek/groet (meneer/juffrou), asook alle besoekers moet staande gegroet word.

Verbode terrein:

Gedurende pouses word geeneen, behalwe VLR aan diens, op die stoepe, in die vierkant, tussen blok A en blok B of tussen die sentrums toegelaat nie.

Algemeen:

- Rook deur minderjariges word deur die wet verbied, daarom is rook op die skoolterrein, in geboue, pawiljoene, sportveld of klaskamers verbode. Leerders mag nie in skooldrag buite die skoolterrein rook nie. Daar sal ernstig teen rokers, asook die wat na rook ruik, opgetree word.
- Leerders mag nie in besit van vuurhoutjies, tabak of aanstekers wees nie.

- Enige leerder wat hom/haar skuldig maak aan die inbring en/of gebruik van alkoholiese drank, en / of dwelms en / of ander afhanklikheidsvormende en / of verbode middels op die skoolterrein en wat sodanige middels gebruik het en daarna die skool betree, sal ingevolge die dissiplinêre kode hanteer word.
- Kleedkamers moet netjies gehou word, en is geen vergaderplek of speelplek nie.
- Geen papier of enige rommel mag op die skoolterrein gegooi word nie.

Afwesigheid:

- Leerders mag nie die skoolterrein gedurende skoolure sonder toestemming van die sekretaresse by die ontvangskantoor verlaat nie, met die toestemming van die persoon verantwoordelik vir dissipline.
- Indien 'n leerder gedurende skoolure siek word of 'n doktersafspraak het, rapporteer hy/sy by die kantoor - na toestemming deur die vakonderwyser verleen is. 'n Verlofbrief word dan aan die klasleier gegee en die leerder moet deur sy ouers by die kantoor afgehaal word.
- Daar sal ernstig opgetree word teen leerders wat die klas verlaat sonder toestemming.
- Ouers word versoek om dokters- en ander afsprake tydens skoolure tot die minimum te beperk.

Reëls in Klaskamer:

- Onderwysers moet gerespekteer word.
- Geen leerder mag in klaskamers of sentrums speel, rondhardloop of 'n klas ontwrig nie.
- Geen leerder mag laat kom (nadat 2de klok gelui het) vir 'n lesperiode nie.
- Die snoepie mag nie tussen lesperiodes besoek word nie tensy leerlinge 'n af periode het.
- Geen leerder mag in enige klas eet of drink nie.
- Leerders moet klasleiers gehoorsaam.

GRIEWE PROSEDURE

- 'n Leerder wat oor enige aangeleentheid binne skoolverband gegrief voel, moet die grief op skrif stel en by sy /haar klasvoog inhandig.
- Indien die klasvoog die probleem nie binne drie (3) skooldae van ontvangs van die grief sinvol en na bevrediging van die Leerder kan oplos nie, word die aangeleentheid na die Vakhoof verwys.
- Die vakhoof moet binne drie (3) skooldae die grief probeer oplos.
- Indien die vakhoof nie die grief sinvol en na bevrediging van die Leerder kan oplos nie word die aangeleentheid na die Skoolhoof verwys wie binne vyf (5) dae na ontvangs oor die aangeleentheid beslis.
- Die Leerder word skriftelik van die Skoolhoof se beslissing verwittig.
- Indien die grief teen 'n Opvoeder gerig is, word die grief direk na die Skoolhoof verwys en indien die grief teen die Skoolhoof of 'n Adjunkhoof gerig is, word dit na die Beheerliggaam verwys.
- Die Opvoeder / Skoolhoof / Adjunkhoof se kommentaar word in so 'n geval bekom alvorens 'n beslissing deur die Beheerliggaam geneem word.
- Geen leerder mag geviktimizeer word omdat hy / sy 'n grief geregistreer het nie.
- Die griewe prosedure geld nie as 'n alternatief tot dissiplinêre stappe nie.
(Volledige prosedures word vervat in die Gedragskode)

NIE-ERNSTIGE WANGEDRAG

- Die Tugkomitee moet die Leerder en die Opvoeder die geleentheid bied om hul onderskeie sake te stel, waarna die Tugkomitee 'n besluit moet neem.
- Die besluit van die Tugkomitee is finaal en bindend op die partye.
- Die sanksies wat opgelê kan word, moet in ooreenstemming wees met dit wat in hierdie Kode vooraf bepaal en vervat is.

ERNSTIGE WANGEDRAG

- Enige geval van ernstige wangedrag word skriftelik by die die Direkteur Dissipline aangemeld. 'n Leerder word egter nie formeel van wangedrag aangekla nie alvorens 'n skriftelike, ondertekende verklaring, met 'n aantyging, klag of bewering teen die Leerder, by die Direkteur Dissipline ingedien is nie : met dien verstande dat die Direkteur Dissipline nie hierdeur verhoed word om self 'n klag teen 'n Leerder aanhangig te maak nie.
- Enige wangedrag aangemeld wat ook 'n misdryf ingevolge die Suid-Afrikaanse Reg daarstel, word onafhanklik aangemeld by en ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Polisie diens en vrywaar nie die Leerder van moontlike dissiplinêre verrigtinge nie. Sodanige gedrag sal egter deurgaans as ernstig beskou word.

DISSIPLINÊRE MAATREËLS

Oortreding of minagting van die gedragskode kan enige van die volgende aksies tot gevolg hê :

- Pouse detensietyd
- Gemeenskapsdiens
- Instandhouding van skoolterrein, -tuine, -badkamers, -banke of ander skool eiendom
- Konfiskering van kleredrag, juwele, selfone ens, wat strydig is met die skoolreëls en betaling van gepaardgaande skutgelde

- Ontneming van sekere voorregte, bv. bywoon van skoolfunksies (soos matriekafskeid), dra van skooldrag, klasbywoning, ens.
- Leerders wat met enige fiets, motorfiets of motor roekeloos of gevaarlik op die terrein ry stel hulself bloot aan konfiskering van die betrokke fiets, motorfiets of motor. Die Leerder kan ook verbied word om enigsins weer die terrein te betree anders as per voet.
- Aantekening teen die dissiplinêre kontrolestaat
- Skriftelike of finale waarskuwing;
- Die Ouer/voog van enige Leerder wat opsetlik enige skoolleidendheid misbruik, beskadig of ontsier, kan gelas word om daardie skoolleidendheid te vervang of aanspreeklik gestel word vir die skade aldus aangerig;
- Benewens die voorafgaande sanksies, kan 'n tugkomitee van die beheerliggaam, in gevalle van ernstige wangedrag, skorsing van Leerder gelas of uitsetting van die Leerder uit die skool by die Hoof van die Departement aanbeveel.
- 'n Leerder beseft dat onaanvaarbare optrede altyd gevolge inhou. Tug word as positiewe opvoedkundige hulpverlening beskou en het altyd die voordeel en welsyn van die Leerder, die skool en die gemeenskap ten doel. Dit beskerm hierdie verskillende rolspelers in die skoolgemeenskap. Om probleme vroegtydig raak te sien en dit aan te spreek, is dit nodig om rekord te hou. By die skool geskied dit deur middel van die dissiplinêre kontrolestelsel.

ALLE STELLE REËLS

KLEREDRAG REËL DOGTERS

Hare:

- Hare moet netjies wees;
- Hare wat oor die kraag hang moet vasgemaak word;
- Die kuif moet netjies, kort of vasgesteek, weg uit die oë wees;
- Hare mag nie oor die wenkbroue hang nie;
- Geen kleursel (tydelik of permanent) of ligstrepe hoegenaamd nie;
- Ingevegde hare mag nie gekleur wees nie;
- Slegs rooi, geel of blou rekke/linte/bande in die hare;
- Geen blink knippe.
- Hare mag nie korter as 'n vierkam lengte gedra word nie.
- Ingevegde hare (weaves) voorgeskrewe kleur 4, mag nie kleure meng nie
- Haarstringe (twists) nie dikker as 'n potlood nie
- Kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang nie
- Afro's moet vasgemaak word indien dit 'n lengte bereik wat dit vasgemaak kan word;
- Haarstringe (dreadlocks) moet in 'n bolla (Bun) vas wees;
- Meisies mag nie hulle hulle koppe poenskop skeer nie;
- Meisies mag ook nie hulle hare skeer langs die kant en bo lank los nie;
- Hare moet reguit agtertoe gevleg word;
- Geen "false locks" word toegelaat nie;
- "Brazilian weaves" is slegs vir senior dogters (Gr 11 en 12). Dit moet die kleur van die natuurlike hare wees;
- Gevegde hare wat in 'n ponie gedra word, mag nie dikker wees as jou vuis nie
- Gevegde hare mag nie in patrone gevleg wees nie (Cornrows word toegelaat, maar nie in patrone nie);
- Gevegde bolla (bun) mag nie 'n groter deursnee as 10cm hê nie;
- "Fishbone" vlegsel mag nie dikker as 1cm deursnee wees nie;
- Wanneer hare in 'n poniestert vasgemaak word, mag jou poniestert se punt nie onder jou stuitjie hang nie;

Skoene & Kouse:

- Plat, swart dogterskoene met 'n bandjie oor die voet, maar geen veterskoene nie;
- Blou skoolsokkies wat netjies oorgeslaan en nie opgerol is nie.

Skool hemp en rompie:

- Tydens somer word 'n ligblou oopslaan hemp gedra sonder die skooldas
- Tydens winter word 'n das gedra by 'n blou langbroek, of die romp met die Wintershemp en lang navy sykouse (tights)
- Rompie mag nie opgerol word om korter te vertoon nie;
- Indien 'n dogter regop, met haar hande langs haar sye staan, mag die rompie nie korter as 2 vingers vanaf haar knie wees nie;

Truie & Baadjies:

- Blou oortrektruie moet netjies pas en moenie te groot gekoop word nie;
- Moue mag onder geen omstandighede oor die hande hang nie;
- Kleurbaadjies (blou) is verpligtend dwarsdeur die jaar;
- Geen sweekpakbaadjies mag by skooldrag gedra word nie. Provinsiale kleure mag op Vrydae gedra word, maar nie gemeng word met skoolklere nie. Dit moet 'n formele baadjie en das wees, nie 'n sweekpak nie.

Skoolsweekpak:

- Skoolsweekpake mag slegs na sportbyeenkomste gedra word.

Serpe:

- In die winter mag slegs blou serpe, soos te koop by Boekwinkel, gedra word.

Juwele:**Geen juwele mag by skooldrag gedra word nie, behalwe:**

- Gewone horlosies
- "Medic alert"- skyfies of bandjies
- Seëlringe
- Ooringe: Slegs klein ringetjie (1cm in deursnee) of 'n klein goue of silwer knoppie "stud". Slegs een oorbel per oor word toegelaat en dit moet aan die onderpunt van die oorlel wees, nie hoër op in die oorlel nie.
Maar: Geen tong- of neus "studs"/ringe nie.
Geen diamant of enige ander gekleurde steen "studs" is toelaatbaar nie.

Grimering:

- Geen vorm van grimering mag gedra word nie.

Naels:

- Mag nie van die binnekant van die handpalm gesien word nie;
- Geen naellak (gekleurd) nie.

Drag tydens Civvie dae

- Broeke: Langbroek of kniebroek, geen kortbroeke nie
- Geen styfpassende minirompies of minirokkies nie
- Hempies: geen deel van jou maag mag wys nie
- Hempies moet 'n redelike hals hê
- Hempies moet moue hê, geen skouerbandjie hempies word toegelaat nie

SEUNS**Hare:****Moet ten alle tye netjies wees en aan die volgende voorskrifte voldoen:**

- Met die kop in 'n regop houding mag die hare nie aan die hemp se kraag raak nie.
- Die hare mag nie agter in trappe gesny wees nie.
- Aan die kant mag die hare nie aan die ore raak wanneer dit afgekam word nie.
- Langs die slape mag die hare nie langer as die middel van die oor gedra word nie.
- Kuiwe moet afgekam ten minste 2 cm bokant die wenkbroue wees.
- Hare moet bo-op die kop nie langer as 5 cm wees nie.
- Hare moet so gekam word dat dit nie regop staan nie.
- Hare mag nie gekleur of gebleik word nie. Indien hierdie reël oortree word, sal van ouers verwag word om koste aan te gaan om die hare terug te kleur.
- Geen dun varkstertjies of enige vlegsels word toegelaat nie.
- Geen krale mag in die hare gedra word nie, geen "dreadlocks", plet of "waves" nie.
- Hare mag nie korter as 'n vier kam lengte gedra word nie.
- Geen gel of haarwaks mag in die hare gebruik word nie.
- 'n "Boys' Cut" haarstyl is die voorskrif.
- Geen Afro-haarstyl word toegelaat nie.
- Geen ingevlegde hare word toegelaat nie, veral nie in 'n patrone nie.
- Geen "pages" word toegelaat nie.
- Indien 'n leerder se hare tydens 'n haarsinspeksie nie volgens standaard is nie, word hy huis toe gestuur om dit reg te kry.

Wangbaarde & Snorre:

- Geen wolwange en snorre word toegelaat nie.
- Daar moet ook gereeld geskeer word
- Stoppelbaarde word nie toegelaat nie.

- Indien baarde vir religieuse voorskrifte benodig word, kan dit slegs met skriftelike formele versoek aan die Beheerliggaam oorweeg word.

Naels:

- Naels moet altyd netjies en kort geknip wees.

Juwele:

- Slegs gewone horlosies;
- "Medic Alert" skyfies of bandjies
- Geen ander juwele nie.

Skooldrag:

- Grys lang- of kortbroek met ligblou hemp (kort of langmou) en donkerblou skooldas;
- Kleurbaadjies ten alle tye regdeur die jaar is verpligtend en mag slegs saam met skoolklere gedra word;
- Swart skoolskoene. Geen skerppuntskoene of gespe-skoene nie.
- Slegs 'n skooltrui mag onder die baadjie gedra word;
- Slegs die voorgeskrewe kleurbaadjie/trui/serp mag saam met skoolklere gedra word;
- Slegs grys kouse word toegelaat;
- Geen langbroekpype mag afgewerk word sodat dit nouer of styfpassend om die bene sit nie;
- Provinsiale kleure mag op Vrydae gedra word, maar nie gemeng word met skoolklere nie. Dit moet 'n formele baadjie en das wees, nie 'n sweetpak nie.

SKOOLDRAG OPSOMMING:

KLERELYS: SEUNS

- * Kleurbaadjie (skoolsakwapen op)
- * Donkerblou trui / moulose trui
- * Grys langbroek / kortbroek
(Kortbroek moet 6cm onder baadjie sigbaar wees)
- * Ligblou hemp
- * Donkerblou Skooldas
- * Gordel – Swart leergordel
- * Grys kouse
- * Waksbare swart toeryg / gespe skoene.
- * Geen **suede** skoene word toegelaat nie.

KLERELYS: DOGTERS

- * Kleurbaadjie (skoolsakwapen op)
- * Donkerblou trui
- * Skoolromp (Navy sokkie met streep)
- * Navy ski-pant
- * Ligblou bloes
- * Navy broekiekouse (Winter)
- * Donkerblou langbroek (Navy sokkies)
- * Navy moulose trui met langbroek
- * Donkerblou Skooldas
(Winter)
- * Swart skoolskoene met bandjie oor voet

VORME VAN WANGEDRAG

- Die Kode onderskryf 'n stelsel van spoedige, regverdige, korrektiewe, konsekwente opvoedkundige en progressiewe dissiplinerings. Wangedrag word ingevolge die aard daarvan geklassifiseer soos in hierdie kode gedefinieer asook soos uiteengesit in die Skoolreëls en die reëls met betrekking tot kleredrag, as ernstige- of nie-ernstige wangedrag. Dit dien gemeld te word dat ingevolge hierdie Kode, sekere vorme van wangedrag as ernstig beskou en behandel word en dat sekere vorme van wangedrag, alhoewel in beginsel as nie-ernstig beskou, as gevolg van die spesifieke omstandighede en herhaalde aard daarvan as ernstig behandel kan word en by skuldigbevinding met dieselfde sanksie as ernstige wangedrag ontmoet word.
- Indien 'n Leerder opsetlik en sonder geldige rede weier en/of versuim om enige straf ingevolge hierdie Gedragskode opgelê, te ondergaan, sal dit as ernstige wangedrag ooreenkomstig die Kode aangespreek word.